SAKE 24 (Beeld)
Friday, 10 October 2008, p. 5

Zimbali weer bekroon as beste in sy klas

Die Zimbali-kusoord aan die Noordkus van KwaZulu-Natal is die derde agtereenvolgende jaar by die CNBC International Property-toekennings (Europa en Afrika) bekroon.

Dié ontwikkeling het met twee vyfster- en drie vierstertoekennings weggestap, insluitend dié in die kategorie vir beste eiendomsbemarking in Suid-Afrika, beste gholfontwikkeling in die land, beste argitektuur vir 'n enkeleenheid en vir die beste ontwikkelaarswebwerf in Suid-Afrika.

Zimbali is ook aangewys as die algeheel beste ontwikkeling in Suid-Afrika.

Zimbali is boonop weer genomineer in die kategorie vir die beste internasionale eiendomsbemarking, waarvan die oord verlede jaar die wenner was.

Die wenner word in November in die VSA aangewys.